17 Februarie 2012[1]

Carine van Zyl
Tel. (021) 808 5189

1. SAFEX (MTM-PRYSE)

Die MTM-prys op Vrydag 17 February 2012 vir koring lewering vir Februarie was R2759 per ton gelewer te Randfontein.

	MTM-pryse (17/02/2012) R/mt					Week eindig R/mt (10/02/2011)	Vergelykende verhandelings-dag R/mt (18/02/2011)	% Ver-andering
Kommoditeit	Feb-12	Mar-12	Mei-12	Jul-12	Sept-12	Feb-12	Mar-11	Mar-11 tot Mar-12
Koring	2759	2779	2832	2874	2879	2760	3325	**16%**
Geelmielies	2492	2408	2156	2003	2037	2550	1660	45%
Witmielies	2367	2327	2189	2052	2083	2505	1616	44%
Sonneblom	4400	4400	4400	4430	4529	4286	4596	**4%**
Sojabone	3415	3415	3460	3522	3545	3289	3800	**10%**

Bron: SAFEX, 2012

Die droë toestande in die mielie-aanplantingsgebiede sal heel waarskynlik die Julie-prys van mielies verder ondersteun. Tegniese beamptes is van mening dat die meeste mielies nog goed lyk ten spyte van die droë toestande, alhoewel reën dringend benodig word. Indien die droë toestande verder voortduur sal die kanse vir meer vroeë lewerings (Mei) a.g.v die spoedige afdroogtempo van die oes.

Die progressiewe lewerings word tans op 5 850 000 ton witmielies (97% van die oesskatting) en 3 815 000 ton geelmielies (89% van die oesskatting) gereken (*SAGIS & NOK*, 2012). Die lewerings het die naby maand se termynprys drasties laat daal; die daling word egter as oordrewe beskou aangesien voorrade steeds knap is. Die prys moet herstel aangesien die daling nie volgehou kan word nie. Die lae voorraadvlakke het verlede week verder onder druk gekom met die uitvoer van

[1] **Vrywaring: Die voorbereiding van die inligting is met groot sorg gedoen om die akkuraatheid daarvan te verseker. Die Departement van Landbou Wes-Kaap of enige van sy personeellede kan nie verantwoordlikheid of aanspreeklikheid vir die geldigheid van die inligting aanvaar nie.**

10 141 ton witmielies en 2 311 ton geelmielies ten spyte van die 2 450 ton mielies wat van Zambië af ingevoer is.

Die *National Ports Authority* het die week aangekondig dat die Transnet hawetariewe met 2.76% sal verhoog vanaf 1 April. Die verhoging lei daartoe dat dit ongeveer R5/ton duurder sal wees om graan uit te voer (*Senwes*, 2011). Transnet het aanvanklik vir 'n 18% verhoging in die hawetariewe aansoek gedoen, alhoewel dit afgekeur is.

Die plaaslike koringprys ontvang ondersteuning vanaf die VSA pryse. Daar word verwag dat die plaaslike prys al nader aan die VSA '*Hard Red'* winterkoring se invoerpariteit (R3 150/ton) sal beweeg a.g.v die kwaliteitseinskappe. Koring vanaf Suid-Amerika en Australië is goedkoper (R2 900/ton) maar beskik nie oor die gewenste eienskappe nie. SAGIS het verder bekend gemaak dat daar 21 814 ton koring vanaf Argentinië ingevoer is. Die progressiewe lewerings word tans op 1 854 000 ton gereken (*SAGIS*, 2012), die syfer is alreeds meer as die huidige NOK oesskatting van 1 849 930 ton soos deur NOK bekend gemaak.

Sonneblomprys word net soos die van mielies ondersteun deur die skraal kanse vir reën en die lae voorraad vlakke wat tans heers. Alhoewel die voorraadsituasie van sojabone beter lyk, is die huidige toestande is nog ver van ideal.

2. EKONOMIE & ENERGIE

Gerugte lei dat die *International Monetary Fund* (IMF) en die Europese Unie (EU) moontlik tot in April kan wag om 'n reddingpakket van ongeveer EUR130 miljard aan Griekeland beskikbaar te stel. Ten spyte van die verkiesing wat in April plaasvind is EU-leiers steeds nie oortuig dat Griekeland genoeg doen om hul skuldkrisis aan te spreek nie. Griekeland skuld ongeveer 60% van hul Bruto Binnelandse Produk (BBP) en volgens bepalinge van die reddingpakket sal die skuld drasties moet daal (FIN24, 2012).

Verder het die VSA werkloosheidssyfer tot die laagste vlak in 4 ½ jaar gedaal. Die VSA se gunstiger werkloosheidssyfers het die 'risiko-aptyt' van beleggers aangewakker, dus het die Rand op 'n 2 weke laagtepunt verhandel na die VSA se aankondiging. Die geweegde gemiddelde koers teen 10h30, 17 Februarie 2012 waarteen die Rand teenoor die VSA-Dollar verhandel het, was R7.77 (*Reserwe Bank*, 2012).



Bron: Reserwe Bank. 2012

Die Weste se verhoogte druk om saksies teenoor Iran te vorm, kan ernstige gevolge hê vir plaaslike besighede wat belange in die Midde-Ooste het. Ten spyte van al die plaaslike besighede se belange, moet daar ook in aggeneem word 25% van die plaaslike verbruikte olie vanaf Iran ingevoer word.

Die Brent ru-olieprys neig steeds hoër soos die spanning tussen die Weste en die olieproduserende Iran oplaai. Die prys van Brent Ru-olie het Vrydag, 17 Februarie teen $121.35 per vat verhandel (*NRG Trading*, 2012). Die prys het gestyg a.g.v die kommer oor Iran se aanbod asook die Noord See se produksie-verwagting volgens *Phillip Futures* (*Agrimoney,* 2012).

[1] **Vrywaring: Die voorbereiding van die inligting is met groot sorg gedoen om die akkuraatheid daarvan te verseker. Die Departement van Landbou Wes-Kaap of enige van sy personeellede kan nie verantwoordlikheid of aanspreeklikheid vir die geldigheid van die inligting aanvaar nie.**

Die VSA se positiewe ekonomiese data het ook tot die olieprys verhoging bygedra; volgens sommige analiste dui dit op die herstel van die wêreld se grootste ekonomie en ook die wêreld se grootste olieverbruiker (FIN24, 2012).

3. INTERNASIONALE SITUASIE

3.1. VSA

Die VSA het na 7 maande se 'uitvoer-droogte' die tweede bestelling na die wêreld se top invoerder gefinaliseer. Hul het hiermee die aanbod vanaf Frankryk, Argentinië en selfs Rusland swak laat vertoon. *General Authority for Supply Commodities* (GASC), Egipte se staats-graanaankoper het 180 000 ton sagte winterkoring vanaf die VSA, teen $259 per ton aangekoop; die grootste VSA koring-aankoopstransaksie wat Egipte gedoen sedert 2010 (*Agrimoney*, 2012). GASC het die vorige week 55 000 ton koring ook vanaf die VSA aangekoop; die eerste transaksie sedert Junie 2011 (*Agrimoney*, 2012).

Die VSA se uitvoerdata vir die afgelope week word tussen 600 000 en 750 000 ton vir sojabone geskat wat in lyn is met die 658 000 ton wat die vorige week uitgevoer is. Koringuitvoere het die vorige week 708 000 ton bereik, maar sal na verwagting die week tussen 450 000 - 650 000 ton wees, terwyl mielie-uitvoere tussen 550 000 en 750 000 ton sal wees soos gereken deur analiste.

Daar word genoem dat die USDA te 'vrygewig' is in die jaar se eerste plaaslike oesskatting. Die USDA voorspel dat plaaslike voorraad sal verdubbel en 'n einde sal bring aan die 18-maande 'prys-*rally*'. Die skatting toon dat mielieproduksie in die VSA 'n rekord 14.2 biljoen bushels sal bereik, gegewe 'n 164 bushel per acre opbrengs (*WASDE,* 2012). Analiste is skepties oor die skatting omdat daar nog slegs 1 keer in die verlede so 'n rekord opbrengs bereik is; 3 jaar gelede toe die opbrengs 164.7 bushels per acre was. Die tweede beste opbrengs was in 2004 met 160.3 bushels per acre (*Agrimoney*, 2012). Die mielie-opbrengs toon 'n gemiddelde verbetering van 1.87 bushels per acre per jaar verbetering (oor 50 jaar) a.g.v die verbeterde boerderypraktyke en die plantkwaliteite, volgens die University of Illinois (*Agrimoney*, 2012).

Volgens *Australia & New Zealand Bank* sal die opbrengs nader aan 161 bushels per acre wees; hierdie skatting sal tot veel laer produksievlakke lei asook 'n swakker moontlikheid om voorrade te herbou. Die prys sal gevolglike bo die USDA se projeksies verhandel.

Die USDA skat die 2012-13 se mielie eind-voorraad as 1.62 biljoen bushels, 2 keer meer as die huidige seisoen se eind-voorraad. Die voorraadvlak voorspel die gemiddelde plaashekprys as $5 per bushels, 'n daling vanaf die $5.80 - $6.60 prysomvang wat vir die seisoen verwag is. Die pryse vir 2013-14 word tans gesien as $4.30 per bushel, maar die prys is te laag aangesien daar verhoogte produksiekostes is; kunsmis, chemiesemiddels en landboumasjinerie-kostes (*Agrimoney*, 2012), aangesien die produksiekoste per bushel in die hoofproduksiearea die vloerprys vir die landboukommoditeite bepaal (*Agrimoney*, 2012).

3.2. EUROPA

Volgens *Toepfer International*, Duitsland se grootste graanverhandelaar, het die toenemende bekostigbaarheid van die EU se graanaanbod hul kompeterendheid aansienlik laat verbeter,

[1] **Vrywaring: Die voorbereiding van die inligting is met groot sorg gedoen om die akkuraatheid daarvan te verseker. Die Departement van Landbou Wes-Kaap of enige van sy personeellede kan nie verantwoordlikheid of aanspreeklikheid vir die geldigheid van die inligting aanvaar nie.**

tesame met die Swart See se onbereidwilligheid om te verkoop en die logistieke probleme wat hul tans ondervind. Die koue weerstoestande veroorsaak erge logistieke probleme vir Rusland se uitvoere, daar word genoem dat van hul skepe in die ysige see vas gevries het. Alhoewel die uitvoere vanaf Europa wel deur die wisselvallige Euro-Dollar wisselkoers verhinder word.

Die ernstige koue weer in Europa wat tot 100 mense in Poland se dood gelei het, is die rede vir *Strategie Grains* se 0.5% afwaartse aanpassing van hul Europese koringoesskatting vir 2012-13 (*Agrimoney*, 2012). Alhoewel *Strategie Grains* 'n daling in die produksie projekteer is hul van mening dat dit nie tot erger verliese as in 'n normale jaar sal lei nie. Die hersiende verwagting word op 132.7 miljoen ton gereken, steeds 3.3 miljoen ton hoër as die vorige jaar se koringproduksie. Daar is ook die moontlikheid dat die beskadigde koringlande in die lente her-plant kan word; dus word die mielieproduksie met 300 000 ton tot 62.6 miljoen ton verhoog.

3.3. ANDER MARKTE

Sojabone in die internasionale mark kan nog ondersteuning kry uit die moontlike laer aanplantings en die uiterse swak toestande in Suid Amerika. *Oilworld* skat Brasilië se sojaboonproduksie 500 000 ton laer teen 69.5 miljoen ton. Dit is in lyn met die amptelike skatting van 69.2 miljoen ton deur Conab. Die vraag na VSA sojabone sal waarskynlik uitbrei, terwyl produksie waarskynlik sal afneem. Die *Buenos Aires Cereals Exchange* laat hul oesskattings vir Argentynse mielie- en sojaboonproduksie onveranderd, onderskeidelik teen 21.3 miljoen ton en 46.2 miljoen ton. Mielie- en sojaboonproduksie word laer geskat as die USDA-skattings van 22.0 miljoen ton en 48.0 miljoen.

Volgens Argentinië se Landbou Minister, is 'n ooreenkoms met China aangegaan wat die invoer van mielieprodukte sal toelaat. Argentinië plant GMO mielies, maar China het GMO regulasies wat die invoer van die mielies stuit. Die ooreenkoms sal egter die uitvoer van mielie-produkte na China toelaat.

China se sojabooninvoere gedurende Februarie word teen 3.97miljoen ton geskat, volgens CNGOIC; dit bring die Oktober-Februarie invoere op 23.5 miljoen ton teenoor 22.14 miljoen ton wat die vorige jaar ingevoer is. CNGOIC skat China se sojaboon-invoere vir 2011-2012 teen 55.0 miljoen ton teenoor die USDA se 55.5 miljoen ton.

Volgens Indië se Landbou Minister sal 'n rekord koringoes van tot 88.31 miljoen ton vanjaar realiseer, selfs groter as verlede jaar se 86.87 miljoen ton. Indië is die wêreld se tweede grootste koringprodusent naas China.

[1] **Vrywaring: Die voorbereiding van die inligting is met groot sorg gedoen om die akkuraatheid daarvan te verseker. Die Departement van Landbou Wes-Kaap of enige van sy personeellede kan nie verantwoordlikheid of aanspreeklikheid vir die geldigheid van die inligting aanvaar nie.**